



NG GEMEENTE

WITRIVIER

OASE van
JESUSLIEFDE

TEL: 013 751 1164 / 074 163 1816 FAKS: 013 750 0079



Respek... Hoogtyd!

Die Seisoen van Menswaardigheid begin Januarie 2017 met 'n opwindende reeks oor respek. Daar is soveel wat deur elkeen se gedagtes wapper, as die woord respek ter sprake kom. Tog is die belangrikste, wat leer die Woord ons van respek, daarom delf ons vir sewe weke en kyk weekliks na 'n ander stukkie vir ons legkaart.

“ Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.”

(1 Petrus 2:17)

Die temas van die reeks:

Week 1	Die effek van respek	Week 5	Respek vir my nabymense
Week 2	God: die bron van respek	Week 6	Respek vir my vyand
Week 3	Respek vir jouself	Week 7	Kom ons vier waardigheid!
Week 4	Respek vir randfigure		

Wat is beskikbaar vir die reeks?

- 0 **Kleingroephandleiding** met daaglikse dagstukkies vir persoonlike stiltetyd. Dit is vir die gebruik in Kleingroepe – dit is vir die lede in die groep. Ons ondervind dat mense nie altyd per persoon 'n boekie neem nie, maar per egpaar. Omdat daar dagstukkies en gebed skryfplekkie is kan dit probleme skep, maar egpare kan hul eie keuse uitoefen.
- 0 **Leiersgids** is vir Kleingroepleiers – daar is antwoorde in wat as riglyn dien vir die leier.
- 0 **DVD** is inleidende gesprek tot die Kleingroepbespreking.
- 0 **Jeuggids** is vir die gebruik van die tieners in die gemeente.
- 0 **Gesinshandleiding** word met vrug gebruik in die Gesinserediens en bied ook toerusting vir ouers vir huisgodsdienste met Laerskool kinders.
- 0 **Geskenkboekie** in A7 formaat, wat onthou gedagtes of inspirasie vir elke week se tema insluit.
- 0 **Inskrywingsvorm** word op karton gedruk wat lidmate die geleentheid gee om vir die tydperk vooraf wat reeks bemark word in te skryf. Dit help ook om die gemeentedatabasis aan te vul.
- 0 **Verbintenisboekmerk**, wat met aanvang van die reeks onderteken word deur lidmate as “commitment” tot die reeks.

Wat is beskikbaar:

Kleingroephandleiding	R 23
Leiersgids	R 23
Kleingroep DVD	R 50
Jeuggids	R 15
Gesinshandleiding	R 12
Geskenkboekie	R 9
Inskrywingsvorm	R 3
Verbintenisboekmerk	R 3

Preekriglyne, skriflesings en logo sal beskikbaar wees
www.menswaardigheid.co.za

Die reeks skop af op Sondag 29 Januarie 2017. Die gevoel van eenheid omdat ander gemeentes in die land dit ook doen dra by tot die opwinding en afwagting. Hierdie reeks is ook in Engels beskikbaar, vertel gerus vir die gemeentes in jou omgewing daarvan.

Die *Bestelvorm, Preekriglyne, logo en nog ander produkte* sal vanaf middel November beskikbaar wees op die volgende webblad: www.menswaardigheid.co.za

Bestellings en betalings

- 0 Voltooi bestelvorm en stuur vir Antoinette by NG Witrivier (nuus@ngwitrivier.co.za). Die sluitingsdatum vir bestellings is Vrydag 2 Desember. Sy is ook soggens vir navrae beskikbaar by 013 751 1644.
- 0 Druk en Versending van bestelling deur Colourtech Holdings, die drukkers by Bapsfontein, geskied die eerste weke van Januarie 2017. Gemeentes in dié omgewing kan hul bestelling gaan afhaal, dui dit so op die bestelvorm aan en Antoinette sal verder met julle reël.
- 0 Fakturering geskied eers nadat die bestelling gestuur is en die koerier koste van die drukkers ontvang is.

Predikant-ondersteuning

Ds. Jurgens de Jager (dsjurgens@telkomsa.net) help graag met navrae rondom kleingroepe en die dinamika van kleingroepe in 'n gemeente. Kontak hom gerus. Hy stel ook 'n WhatsApp groep saam van die leraars wat deelneem aan die reeks en bly sodoende op gereelde basis met almal in kontak.

Ons sien uit om hierdie kwartaal nuwe betekenis aan respek te gee. Kom skryf saam met ons aan hierdie hoofstuk.

Groete

Di. Freddie Schoeman - Projekleier in samewerking met Gerrie, Jurgens, Eddie & Nati
(Leraars NG Gemeente Witrivier)

